

**Op die lesing oor mensehandel is van links Elizabeth Msadu, dr. Dina Darker, adv. Maconi Seitlheko, landdros Lani Opperman en dr. Beatri Kruger.** Foto's: FRANCOIS THEART

# Mensehandel onder die loep geneem

**Francois Theart**




**Sô word studente van mensehandel bewus gemaak.**

DIE studenteraad (SR) van die Universiteit van die Vrystaat (UV) het onlangs 'n lesing oor mensehandel (beter bekend as *human trafficking*) aangebied.

Die geleentheid het by die ekonomiefakulteit plaasgevind en studente is oor die gevare daarvan ingelig.

William Clayton, SR: toeganklikheid en studente-ondersteuning, het die geleentheid gereël, want die SR probeer om die uitdagings van mensehandel die hoof te bied.

"Ons weet wat die waarde van vroue is, en ons wil hulle beskerm," het hy gesê.

Dr. Dina Darker, 'n mediese dokter, het gevra: "Van wanneer af word vroue se waarde aan die klere wat hulle dra en die goed wat hulle het, geheg? Ons moet tevrede wees met wat ons het en dit waardeer, want dan sal ons dit nie in die wêreld soek nie."

Elizabeth Msadu, 'n maatskaplike werker op kampus, het gesê dat mense die beste wil hê wat geld kan koop en dat sommiges enigiets sal doen om dit te kry.

"Meisies sal ouer mans kry om dinge vir hulle te koop en te doen, gewoonlik in ruil vir seks. Soms raak die meisies swanger, en dan lei dit tot 'n aborsie en soms selfmoord. Weet net dat ons hier is vir jou," het sy benadruk.

Dr. Beatri Kruger, 'n kriminologiedosent aan die UV, sê die meeste wat deur mensehandel geraak word het, het gedink dit sal nooit met hulle gebeur nie, "maar dit kan met enigiemand gebeur."

Landdros Lani Opperman het die studente aangemoedig om altyd op te staan en terug te kom wanneer hulle foute maak.

"Jy moet ander mense help deur die foute wat jy maak. Jy sal die een wees wat die volgende slagoffer help."

Volgens die spreker is mensehandel 'n saak waaraan daar baie aandag gegee moet word en waarmee almal kan help.

Die internet bied 'n magdom van inligting oor hierdie onderwerp.



**'n Groep tromspelers tree tydens die lesing op.**